

EERSTE POGINGS OM TE VOORSIEN IN DIE BEHOEFTE VAN NA-
PRIMÈRE LEERLINGE: NA-PRIMÈRE ONDERWYS EN DIE TOESTAND
IN 1940.

(NATAL 1911-1940.)

1. Voorsiening van Opleidingsfasiliteite, Onderwysersserti-
fikaat en verbeterde diensvoorwaardes.

- (a) Die bestaande kwalifikasies van die onderwysers
was besonder laag.

Die verhoogde belangstelling in laeronderwys het na-
primêre onderwys ook teⁿ goede beïnvloed. Aandag is ook
gegee aan die opleiding van onderwysers, beroepsonderwys
en middelbare onderwys.

Die onderwys in die laerklasse en veral in die grade
het heelwat te wense oorgelaat, omdat hulle gewoonlik in
die hande van onopgeleide assistente was. Hierdie Junior
Onderwysers is gewoonlik⁽¹⁾ swak opgelei, swak betaal en self
die produkte van die ou skool. Reeds in 1915 is aanbeveel
dat die skole ge-organiseer moes word op 'n personeelba-
sis, waarvolgens geen onderwyser vir meer as 40 leerlinge
(2)
onderwys sou gee nie.

Uit 'n totaal van 38 hoofde in ondersteunde skole in
1927 het 29 die Senior- en 5 die Junior-sertifikaat besit.
Vier het geen sertifikaat besit nie. Die volgende was van
hulle akademiese kwalifikasies: Matriek - 2, Standerd VII
10, standerd VI - 5, Standerd^d IV - 1. Uit 181 assistente
in ondersteunde skole het 24 die Senior- en 80 die Junior-
sertifikaat besit. 77 was onopgelei. Die volgende was
van hulle akademiese kwalifikasies: standerd VII - 10,
standerd VI - 57, standerd V - 26, standerd IV - 4,
Kaapse Junior-sertifikaat - 6, 'n Skotse sertifikaat - 1
(3)
en 'n hoër eksamen in Mauritius - 1.

- (1) Natal: Annual Report on Education 1926. Supt. of
Education; 18-19.
(2) Natal: Annual Report on Education 1915. Supt. of
Education; 171
(3) Kichlu: Memorandum on Indian Education in Natal;
Bylae E.

Tenspyte van die beperkte akademiese kwalifikasies van die onderwysers was die algemene standaard van die hoër-klasse verbasend goed. Die Indiërbevolking het egter nie veel voordeel hieruit getrek nie want 82% van die leerlinge (1) het nie verder as standerd II gegaan nie.

(b) Statistieke i.v.m. die aantal onderwysers en die verhouding tussen mans en vrouens.

Die volgende tabel toon die vermeerdering van die aantal onderwysers in die jare genoem:

Tabel 83.

Aantal onderwysers in Indiërskole, 1929-1937. (Natal)

	1929	1931	1933	1935	1937.
Aantal	357	421	500	584	640
	(2)	(3)	(4)	(5)	(5)

Hierdie syfers sluit blanke - en Kleurlingonderwysers ook in. In 1926 het die Provinsiale Raad besluit dat blanke dames nie langer aan Indiërskole mag onderwys gee nie. Hierdie besluit is egter nie uitgevoer nie, want in 1927 was daar 9 blanke dames net in die Carlislestraatskool en heelwat dames het in ondersteunde skole onderwys gegee. Uit 'n totaal van 88 onderwyseresse in 1933 was 46 Indiërs en die res blankes en Kleurlinge. Uit 'n totaal van 605 onderwysers in Indiërskole in Junie 1936 was 109 onderwyseresse en 50 hiervan was Indiërvrouens. (6) Reeds in 1925 het die Indiërs aanbeveel dat blanke dames verbied moes word om in skole vir Indiërseuns onderwys te gee. Die Departement het toe nie syweg oopgesien om aan die versoek gehoor te gee nie. (7)

Die volgende tabel toon die verhouding tussen onderwysers en onderwyseresse in die jare 1932-1934:

- (1) Natal: Annual Report on Ed. 1925; Supt. of Ed. 24-25.
- (2) Natal: Annual Report on Ed. 1929; Supt. of Ed. 6.
- (3) Natal: Annual Report on Ed. 1931; Supt. of Ed. 5.
- (4) Natal: Annual Report on Ed. 1933; Supt. of Ed. 13.
- (5) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 624.
- (6) t.a.p. 265.
- (7) Natal: Annual Report on Ed. 1925; Supt. of Ed. 14.

Onderwysers: Verhouding tussen mans en vrouens, 1932-1934. (Natal)

	Mans	Vrouens	Persentasie mans	Persentasie vrouens
1932	378	102	78.8	21.2 (1)
1933	412	88	82.5	17.6 (2)
1934	442	99	81.7	18.3 (3)

Die persentasie blanke onderwysers in Indiërskole was in 1933, 6.7% en in 1934, 8.9%. In 1932 was 70% van die onderwysers opgelei, in 1933, 76.6% en in 1934, 75%. Van die 11 onderwysers met grade in 1933 was 2 Indiërs en van die 15 in 1934, 3 Indiërs. (4)

(c) Die totstandkoming van Sastri-kollege en verskillende opleidingsklasse.

In 1925 is geklae oor die gebrek aan ywer by die Indiëronderwyser wat sy professionele verbetering betref. Verwys is na onderwysers wat hulle aangemeld het vir die eksamens sonder voldoende voorbereiding. Die gemiddelde bywoning in die onderwysersklasse in Durban was maar 83%. Hierdie toestand het egter teen 1930 al heeltemal verbeter. (5) (6)

Die aantal studente aan die opleidingskollege te Sydenham het gedurende die eerste wêreldoorlog aansienlik vermindert en uiteindelik is hierdie inrigting gesluit. Die toevlug is toe geneem tot opleidingsklasse. Die Departement het opleidingsklasse in die lewe geroep en sommige oorgeneem. Hierdie klasse het egter nie heeltemal bevrediging gegee nie en is bestempel as "a makeshift and a palliative." (7) (8)

Met die totstandkoming van Sastri-kollege op 1 Februarie 1930 is aan die behoeftes vir 'n opleidingsinrigting voorsien. Die koste vir die oprigting van die hoofgeboue is deur die Indiërgemeenskap gedra. Hiervoor het Agent-

- (1) Natal: Annual Report on Ed. 1932; Supt. of Ed. 13-14.
- (2) Natal: Annual Report on Ed. 1933; Supt. of Ed. 13.
- (3) Natal: Annual Report on Ed. 1934; Supt. of Ed. 17-19.
- (4) t.a.p.; 17-19.
- (5) Natal: Annual Report on Ed. 1925; Supt. of Ed. 24-25.
- (6) Natal: Annual Report on Ed. 1930; Supt. of Ed. 8.
- (7) Muppusami: Indian Education in Natal 1860-1946; 35.
- (8) Natal: Annual Report on Ed. 1927; Supt. of Ed. 12.

generaal Sastri, £20,000 ingesamel. Die ander geboue
(1)
is aan die einde van 1934 voltooi.

Hierdie inrigting het na-primêre onderwys en opleiding vir onderwysers verskaf. Die hoof en vise-hoof (blankes) is bygestaan deur 'n Indiër-personeel waarvan 6 gegradueerdes uit Indië was en hulle het elk £400 per jaar ontvang. Hulle was op 'n drie-jaar kontrak en is deur blankes vervan
(2)
aan die einde van hierdie periode. Met die opleiding van onderwysers te Sastri-kollege is in 1931 'n begin gemaak.
(3)

Omdat Sastri-kollege alleen nie voldoende opgeleide onderwysers kon voorsien nie, is nog gebruik gemaak van
(4)
onderwysersklasse. Hierdie klasse is vermeerder en twee senior lektore is aangestel om beheer oor te neem in Durban en Pietermaritzburg. Behalwe Sastri-kollege het die volgende onderwysersklasse in 1934 bestaan. Durban, Woordkus, Stanger en Pietermaritzburg.
(5)

Met Provinsiale kennisgewing No. 445 van 1930 is aangekondig dat twee beurse van £30 elk jaarliks beskikbaar gestel is vir matrikulante wat na Fort Hare wou gaan om die Universiteitsonderwysdiploma te neem. Ook is 16 beurse beskikbaar gestel vir meisies wat die T5-kursus
(6)
na standerd VI wou neem.

Die onderwysers het ook voordeel getrek uit vakansiekursusse. In Julie 1931 is een te Sastri-kollege gehou wat
(7)
bygewoon is deur onderwysers van oor die hele Natal. In Januarie 1933 is weer een gehou wat deur ongeveer 90 onderwysers bygewoon is. Die kursus was bedoel as 'n voorbereiding vir die vierde- en vyfde klasse onderwysers-eksamens, maar het ook ingesluit die gewone vertakkings van

- (1) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937: 235.
- (2) t.a.p.; 235-237.
- (3) t.a.p.; 262.
- (4) Union of South Africa; Official Year Book 1941 No. 22 318.
- (5) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 263.
- (6) Kuppusami: Indian Education in Natal 1860-1946; 37-38
- (7) Natal: Annual Report on Education 1931. Supt. of Education; 9.

(1) 207.
klasonderwys. Lesings is ook gegêe oor kuns, musiek en
(2)
liggaamsoefeninge.

(d) Ou onderwyserssertifikate word deur nuwe^s/vervang.

Die Senior- ~~en~~ Junior- Indiëronderwyserseksamens is
(3)
in 1900 ingestel. Die volgende tabel toon die aantal
kandidate vir die praktiese eksamens vanaf 1927 tot 1929:

Tabel 85.

Onderwysers; Praktiese Eksamens, 1927-1929. (Natal)

	1927	1928	1929
Praktiese Onderwys: Seniors.	9	22	26
Juniors.	18	32	37
Skryfbordwerk: Seniors.	12	6	32
Juniors.	22	33	51
Lees en Resitasie: Seniors.	8	31	32
Juniors.	19	16	50
		(4)	(5)

Opmerklik is die styging in die aantal kandidate. In 1931 het 51 vir die Senior- en 130 vir die Junior-eksamen ingeskryf.

In 1932 is die nuwe onderwyserseksamens ingestel nl. T3, ~~T4~~ en T5. Hierdie sertifikate kon verwerk word deur kandidate van enige ras, maar was veral bedoel vir Indiërs en kleurlinge. Met die instelling van hierdie sertifikate is die ou sertifikate afgeskaf. Die laaste eksamen vir die ou sertifikate is dan ook in 1932 afgeneem en die volgende was die inskrywings:

- (1) Natal: Annual Report on Education 1934; Supt. of Education; 29.
- (2) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 263.
- (3) Kuppusami: Indian Education in Natal 1860-1946; 34.
- (4) Natal: Annual Report on Education 1928; Supt. of Education; 40-41.
- (5) Natal: Annual Report on Education 1929; Supt. of Education; 28.

Inskrywing vir Onderwyserseksamens, 1932. (Natal)

Senior-sertifikaat.		Junior Sertifikaat		Totaal.	
Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik
12	3	23	5	35	8 (1)

Die volgende was die vereistes vir die nuwe sertifikate wat in 1932 ingestel is:-

T3.- 2 jaar opleiding na Standaard VII of 1 jaar na die matrikulasie. Later is die T5. ook as toelating aangeneem. Opleiding het aan Sastri-kollge geskied.

T5.- Dit was 'n 18 maande-kursus na standaard VI, en veral vir meisies bedoel. Opleiding het geskied aan die "Durban Indian Girls' High School." Dit was oorspronklik net 'n eenjarige ^t interne ⁵ kur^suses, maar meisies is ook buitemuurs toegelaat op voorwaarde dat hulle onderwys gee en buitemurse klasse loop. Dit is hoër as die ou Junior-sertifikaat. (2)

T4.- Dit is 'n eksterne kursus. Die toelating was T5 of 'n jaar se suksesvolle onderwyserervaring in 'n goedgekeurde skool. Gedurende naweke is deeltydse ⁽³⁾ kursusse ingestel. Ook is onderwysers toegelaat wat 2 jaar ervaring het en geslaag het in standaard VIII in die hooftaal, rekene en 2 ander vakke. (4)

Die volgende kandidate het vir die nuwe eksamens ingeskrywe in die jare 1932 tot 1934.

(1) Natal: Annual Report on Education 1932, Supt. of Education; 23-24.

(2) Natal: T5 Certificate; 2-4.

(3) Natal: T4 Certificate; 1-4.

(4) Kuppusami: Indian Education in Natal 1860-1946; 37.

Inskrywing vir T3, T4 en T5 eksamens, 1932-1934. (Natal)

	T3.		T4.		T5.	
	Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik.
1932	3		126	23	95	27
1933	10		180	23	104	33
1934	13		143	22	59	21

(1)

Die meeste van hierdie kandidate is opgelei in die opleidingsklasse te Durban en Pietermaritzburg. Hierdie klasse het dus in 'n definitiewe behoefte voorsien. Die eksterne T4 kursus het die meeste kandidate getrek. Hierdie kandidate het egter minder geword in 1934. Dit is omdat die aantal opgeleide onderwysers vermeerder het.

In April 1935 is 'n opleidingsklas vir Indiër-onderwyseresse by die Mitchell-Crescentskool ingestel, maar hierdie klas het nie die gewenste ondersteuning gekry nie. (2)

e. Verbetering van salarisse en die toekenning van toelaes.

Vanaf 1 Januarie 1925 het ondersteunde skole 'n toelae van £2.10.0 per leerling per jaar ontvang, bereken op die kwartaal se gemiddelde skoolbesoek vir alle leerlinge van 5 tot 16 jaar. Die persone wat die toelaes ontvang het, het onderwysers betaal volgens die geld wat tot hulle beskikking was. Minderwaardige onderwysers is in die laerklasse aangestel en onderwysers met dieselfde kwalifikasies het verskillende salarisse by verskillende skole verdien. (3)

Die salarisse van hoofde in staat 1. het gewissel van £180 tot £650 per jaar; die van assistente van £72 tot £288. (4) Die salarisse van hoofde in ondersteunde skole het gewissel van £86 tot £240; die van assistente van £12 tot £240 per jaar. (5)

Die volgende salarisskaal is vir staatskole in 1925 neergelê. Die aantal leerlinge is volgens die gemiddelde skoolbesoek bereken:-

(1) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 248.

(2) t.a.p.: 266.

(3) t.ap. : 249-250.

(4) Kichlu: Memorandum on Indian Education in Natal, Bylae E.

(5) t.a.p.: Bylae F.

(a)	<u>Hoofde:</u>	<u>Mans.</u>	<u>Vrouens.</u>
(1)	Spesiale Graad. (meer as 400 leerlinge)	£250-£10-£300	
(2)	Graad I. (250-400 leerlinge)	£200-£10-£240	£180-£10-£220.
(3)	Graad II. (100-250 leerlinge)	£180-£10-£220	£160-£10-£200.
(4)	Graad III (Onder 100 leerlinge)	£150-£10-£180	£130-£10-£150.

(b)	<u>Assistente:</u>	<u>Mans en Vrouens.</u>
	Graad B. (Met Senior-sertifikaat)	£120-£10-£150.
	Graad A. (Met Junior-sertifikaat)	£ 80-£10-£120.
	Onopgeleide onderwysers.	£6 per maand. (1)

Die salarisse in ondersteunde skole was besonder laag. Doeltreffende werk kon nie met sulke swak salarisse verwag word nie. In sy pleidooi vir verhoogde toelae het Kichlu die volgende voorgestel: "The amount of grant which may be given to a school should be the amount required to engage a fully qualified staff for the school." Volgens hierdie voorstel was dit nodig dat die toelae per eenheid na £3-14-0 opgeskuif moes word. (2)

Verbeterde salarisskale is in 1928 opgestel, en in staatskole toegepas vanaf 1 April 1929 en in ondersteunde skole vanaf 1 Januarie 1930. Omdat die onderwysers in ondersteunde skole byna 'n jaar later eers hulle verbeterde salarisse ontvang het en die onderwysersvereniging voertoe gerig het, is 'n bedrag van £2000 as 'n vergoedende bonus verdeel onder die opgeleide onderwysers in die ondersteunde skole. (3)

Die nuwe regulasies vir ondersteunde skole is op die volgende beginsels basies:-

- (a) Die normale toelae moes die onderwysers se salarisse dek.
- (b) Onderwysers se salarisse moes volgens sekere uniforme skale betaal word.

(1) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 250.

(2) Kichlu: Memorandum on Indian Education in Natal.

5-11.

(3) Natal: Annual Report on Education 1930. Supt. of Education; 13-15.

(c) Daar moes 'n uniforme skaal wees waarvolgens hoofde betaal word.

(d) Huwelikstoelaes moes betaal word.

Om die toestande so eenvormig moontlik te maak is 'n stelsel van staf-rantsoenering ingevoer. Hiervolgens het die departement 'n sekere hoeveelheid poste aan elke skool vasgestel en die bestuurder moes hierdie poste vul en die salarisse betaal. (1) Hiermee het die departement

die verantwoordelikheid aanvaar vir die betaling van die salarisse. Hierdie salarisse het egter nog baie kritiek uitgelok. (2)

Die volgende poste is ingestel:-

Ondersteunde skole :	Maksimum 1e klas poste	- 28.
	" 2e klas poste	- 54.
	" 3e klas poste	- 53.
Staat skole:	Maksimum 1e klas poste	- 43.
	" 2e klas poste	- 69.
	" 3e klas poste	- 23.

Die meeste 3e klas poste was aan ondersteunde skole en die meeste 1e klas poste aan staatskole. (3)

In 1927 het onderwysers in staatskole die volgende toelaes ontvang: 2 hoofde elk £75 per jaar, 6 hoofde elk £24 per jaar, 1 assistent £50 per jaar en 27 assistente elk £24 per jaar. (4) Hoofde van staatskole het 'n huwelikstoelae van £24 per jaar ontvang. Die Uitvoerende Komitee het op 19 Julie 1927 besluit om hierdie toelae ook aan assistente te betaal en hulle het die uitbetaling van terugwerkende krag gemaak vanaf 1 April 1925. Hierdie toelae was nie pensioenbaar nie en is alleen aan onderwysers betaal wat opgelei was en reeds 24 jaar oud was.

Indiërhoofde van staatskole het ook 'n huistoelae van £24 per jaar ontvang. Hierdie toelae kon egter nie saam met die huwelikstoelae ontvang word nie.

-
- (1) Natal: Annual Report on Education 1929. Supt. of Education; 16.
 (2) The Natal Advertiser. 4.7.35.
 (3) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 253-256.
 (4) Kichlu: Memorandum on Indian Education in Natal; Bylae E.

In die ondersteunde skole is 'n huwelikstoelae van £18 per jaar betaal aan manlike opgeleide onderwysers wat nie jonger as 23 jaar was nie. (1)

f. Die instelling van Pensioen voorregte vir Onderwysers.

In 1920 is onderwysers in staatskole toegelaat om by te dra vir die "Natal Teachers' Pension Fund." Voor hierdie datum het die onderwysers geen pensioen ontvang nie. In 1930 is ordinansie no.10 uitgevaardig "To make provision as to retiring allowances or other financial benefits to non-European teachers for whom no provision is made under any other law." (2) Hiermee is in die lewe geroep die "Natal non-European Teachers' Provident Fund." Vanaf die verskyning van hierdie ordinansie kon nie-blanke onderwysers nie toegelaat word tot die "Natal Teachers' Pension Fund" nie.

Daar was egter nog altyd 'n verskil tussen staats- en ondersteunde skole. Die Onderwyskommissie van 1937 het dan ook aanbeveel dat onderwysers in ondersteunde skole dieselfde pensioen-voorregte moes ontvang as die in staatskole. (3)

g. Die ontstaan van verskillende Onderwysers-organisasies.

Die "Natal Indian Teachers' Society" is in 1925 gestig met die doel om alle onderwysers te verteenwoordig. As mondstuk van die onderwysers het hulle hul dan ook vir verskillende voorregte beywer. (4)

In 1931 het hierdie vereniging sy eie kwartaalblad uitgegee, genoem "The Indian Educator." (5) Die uitgawe van hierdie blad is weens die swak ondersteuning van die onderwysers in 1935 gestaak. (6)

-
- (1) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal 1860-1937; 258-259.
 - (2) Natal: Ordinansies 1930; 33.
 - (3) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal 1860-1937; 259-260.
 - (4) Kuppasami: Indian Education in Natal 1860-1946; 39.
 - (5) Natal: Annual Report on Education 1931; Supt. of Education; 9.
 - (6) Indian Opinion; 5.7.35.

In 1940 het al die onderwysers in ondersteunde skole 'n aparte vereniging gestig nl. "Natal Teachers' Union". Hulle wou hulleself as 'n vakunie laat registreer, maar het toe gevind dat volgens wet die Superintendent hulle werkgewer is en nie die departement nie. (1)

2. EERSTE POGINGS OM BEROEPSONDERWYS TE VERSKAF.

Reeds in Januarie 1928 het die Suid-Afrikaanse Indiër-kongres gevra vir tegniese-, industriële- en landbou-onderwys. In Desember van dieselfde jaar het die eerste vakunie-kongres gevra vir tegniese onderwys van Indiër-leerjongens of hulle vry te stel van die tegniese-onderwys wat deur die wet van leerjongens geëis word. (2)

In Junie 1930 is die "Indian Technical Education Committee" in die lewe geroep onder voorsitterskap van B.M.Narbeth, hoof van die Natalse Tegniese Kollege. In 1931 is hierdie komitee erken en het hulle £150 van die Unie-regering ontvang. (3) Die jaarverslae van hierdie komitee vir 1938 en 1939 toon die vordering wat gemaak is. (4) Die inskrywing van die "Indian Technical Institute", Durban, was in 1940 reeds 535. (5)

In Pietermaritzburg is ook 'n "Indian Technical Institute" in die lewe geroep. Hierdie inrigting het in 1940, £180 van die Unie-regering ontvang, (6) en £75 van die Carnegie Trust. (7)

Reeds in 1932 het Narbeth daarop gewys dat 'n definitiewe beleid vir die tegniese onderwys van Indiërs neergelê moes word. Die leerplan hoef nie dieselfde te wees as die vir blankes nie. (8)

By Sastri-kollege is in 1931 kursusse in naaldwerk, kleremakery en kookkuns ingestel; (9) en aandklasse vir

(1) Kuppusami: Indian Education in Natal, 1860-1946; 40-41.

(2) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 244.

(3) Kuppusami: Indian Education in Natal, 1860-1946; 49.

(4) Narbeth: Annual Report on Indian Technical Education 1938; 1939.

(5) The Daily News, 17.10.40.

(6) The Natal Mercury, 23.1.40.

(7) The Natal Mercury, 10.8.40.

(8) The Natal Advertiser, 2.12.32.

(9) Kuppusami: Indian Education in Natal, 1860-1946; 30.

214.

boekhou, snelskrif en tikskrif.⁽¹⁾ In 1938 is handel, Engels en Afrikaans bygevoeg. Soortgelyke klasse is in 1939 in Pietermaritzburg ingestel. Vir die uitrusting is £80 van die Carnegie Trust ontvang.⁽²⁾

In 1927 het net die York Roadskool, Pietermaritzburg onderrig in houtwerk verskaf. Omdat onderwyseresse skaars was, is naaldwerk in 1935 net in 4 skole gegee. In hierdie jaar is daar egter 'n huishoudkunde afdeling ge-open by die Mitchell-Crescentskool, Durban.⁽³⁾

Omdat die jonger geslag werk in die dorpe verkies het bo landbou,⁽⁴⁾ het die ou geslag se bekwaamheid vir hierdie werk vinnig verdwyn. Daarom is dit nodig dat landbou in die plattelandse gebiede onderrig sal word.⁽⁵⁾ 'n Deputasie van die onderwyzersvereniging het in 1938 gevra vir 'n landboukollege.⁽⁶⁾

In 1925 is 'n ondersoek ingestel na die beroepe wat 111 leerlinge gevolg het nadat hulle die skool verlaat het. 6 stedelike; halfstedelike en plattelandse skole is geneem. Die gemiddelde ouderdom van die 111 leerlinge was 13 jaar en 7 maande en standerd III was die gemiddelde standerd waarin hulle skool verlaat het.⁽⁷⁾

Die volgende is die 9 beroepe wat die meeste leerlinge gevolg het. Die aantal leerlinge word in hakies na elke beroep gegee: Boerdery (19), winkelklerk (13), hoërskool (12), boodskapper (5), beskuit-pakker (4), beeswagter (4), Hierdie ondersoek het getoon hoe noodsaaklik beroepsopleiding en beroepsleiding, selfs op laerskool, vir die Indiërkind is.⁽⁸⁾

(1) Kuppusami: Indian Education in Natal, 1860-1946; 49.

(2) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 247.

(3) t.a.p.: 245.

(4) The Natal Advertiser. 28.5.37.

(5) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 246.

(6) The Natal Witness. 9.4.38.

(7) Natal: Annual Report on Education 1929. Supt. of Education; 22.

(8) Natal: Annual Report on Education 1925. Supt. of Education; 24-25.

3. DIE UITBREIDING VAN DIE FASILITEITE VIR MIDDELBARE ONDERWYS.

Op die gebied van Middelbare onderwys het die Indiërs self die voortou geneem. Op 1 Augustus 1907 is een skool in Pietermaritzburg ge-open en 'n tweede op 1 September 1911 in Durban. Eersgenoemde moes seuns vir die universiteitseksamens ook voorberei maar het net tot 1911 bestaan. Laasgenoemde moes in middelbare en tegniese-onderwys voorsien. Voorsiening is later ook gemaak vir 'n aandklas en vir losies. Die volgende vakke is aangebied: Matesis, Latyn, Frans, Hindi, Gujerati, Urdu, snelskrif, takskrif en boekhou. (1) Die leerlinge is voorberei vir die Kaapse Junior Sertifikaat-eksamen. (2) Hierdie inrigting het egter net 5 jaar bestaan. (3)

In 1914 het alle leerlinge wat 'n middelbare kursus wou volg na die staatskole in Pietermaritzburg en Durban gegaan of na Sydenham-kollege of na die privaat klasse waar die onderwysers vir die Junior- en Senior-sertifikaat voorberei is. (4)

Met 'n middelbare klas is op 1 Augustus 1918 by die Carlisle-straat-staatskool begin. Van die 9 staatskole in 1928 was dit net hierdie een wat middelbare onderwys gegee het en hierdie jaar het dit tot by matriek opgelei. Die 43 ondersteunde skole was laerskole, alhoewel 'n paar van hulle 'n standerd VII gehad het met 1 of 2 leerlinge. (5)

Op 1 Februarie 1930 is Sastri-kollege ge-open. Dit was 'n middelbare skool en 'n opleidingskollege vir onderwysers. (6) Middelbare onderwys is later in die volgende skole aangebied: Sastri-kollege en Mitchell Crescent (Staat-skole), St. Xaviers en die Sydenhamse meisieskool (Ondersteunde skole). In 1935 is middelbare klasse ook ingestel in die York Roadse Skool, Pietermaritzburg. (7)

(1) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 226-229.

(2) Kuppusami: Indian Education in Natal, 1860-1946; 31.

(3) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 231. 1914. /7

(4) Natal: Annual Report on Education. /Supt. of Education; /

(5) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 232-233.

(6) McKerron: A History of Education in South Africa, 1652-1932; 171-172.

(7) Natal: Annual Report on Education 1933. Supt. of Educa-

Die volgende tabel gee die aantal leerlinge verdeel volgens standerds vir die jare 1924 tot 1940:-

TABEL 88.

Middelbare leerlinge volgens standerds ingedeel, 1924-1940. (Natal).

	VII	VIII	IX	X
1924	30	-	-	3
1925	12	7	-	3
1926	45	5	-	2
1927	44	15	2	1
1928	34	25	5	-
1929	49	22	9	4
1930	66	30	5	9
1931	98	57	5	5
1932	156	91	16	8
1933	146	111	23	15
1934	159	117	24	20
1935	189	111	28	25
1936	209	135	41	31
1937	187	136	54	40
1938	203	144	51	48
1939	137	166	75	57
1940	284	140	56	74

(1)

In vergelyking met die laerskole is daar min leerlinge wat middelbare onderwys geniet en van hulle is daar maar 'n klein persentasie wat standerd X haal. Bostaande tabel toon dat uit 30 leerlinge in standerd VII in 1924 net 1 standerd X in 1927 bereik het. (d.i. 3.3%). Uit 187 leerlinge wat in 1937 in standerd VII was het 74 standerd X in 1940 bereik. (d.i. 39.5%) Die persentasie wat standerd X haal asook die verspredding oor die verskillende standerds het egter in hierdie jare verbeter. Uitsakking en vertraging het egter nog hulle spore nagelaat.

Die volgende tabel gee al die leerlinge wat middelbare onderwys geniet het en die persentasie wat hulle uitgemaak het van die hele skoolbevolking vir die jare genoem:

(1) Kuppusami: Indian Education in Natal, 1860-1946;

217.
TABEL 89.

Persentasie van die skoolbevolking in Middelbare skole, 1924-1940. (Natal)

	1924	1928	1932	1936	1940.
Aantal	33	64	271	416	554
Persentasie van hele skoolbevolking.	.4	.6	1.6	1.9	2.1

(1)

Na 1928 is daar 'n vinnige groei wat die aantal leerlinge betref. Daar is in 1940 sewentien-keer soveel leerlinge as in 1924, maar die persentasie het maar van .4 na 2.1 vermeerder. Dit wil sê ongeveer 5 keer.

Min meisies het middelbare onderwys geniet. Die volgende tabel gee die aantal seuns en die aantal meisies wat middelbare onderwys geniet het vanaf 1933 tot 1936:

TABEL 90.

Middelbare leerlinge: Seuns en meisies, 1933-1936. (Natal)

	Seuns	Meisies.
1933	276	20
1934	297	23
1935	316	37
1936	339	52

(2)

Alhoewel die gewone middelbare leerplan gevolg is het die Indiërs nog in 1938 sterk beswaar aangeteken omdat Afrikaans nog nie in die leerplan ingesluit is nie. (3)

4. VOORSIENING VAN UNIVERSITÊRE ONDERWYS VIR INDIËRS.

a. Universitêre onderwys in Natal.

In 1928 het J.W.Bews, hoof van die Natalse Universiteitskollege, 'n universiteit vir Natal bepleit wat uit 4 konstituerende kolleges sou bestaan. Een hiervan sou vir Indiërs wees.

In 1936 is 'n begin gemaak met 'n aparte afdeling van die Natalse Universiteitskollege, wat bekend was as

(1) Handbook on Race Relations in South Africa; 381.

(2) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 239.

(3) The Natal Witness; 24.8.38.

"Nie-blanke Universiteitsklasse." Mabel Palmer is as organiseerster aangestel. Oorspronklik het hierdie klasse net vir die B.A.vorberei. In 1936 was 10 van die 26 studente, Indiërs.

Die klasgelde is heelwat laer as die vir voltydse blanke studente. Een-derde van die studente het lenings ontvang. Alhoewel die Indiërs buitemuurse studente van die Natalse Universiteitskollege is, geniet hulle ook sommige van die voorregte van voltydse interne studente. Hulle skrywe egter in aparte kamers en word met graduasie eenkant gehou. Daar is ook 'n aparte biblioteek. Die professore en lektore van die Natalse Universiteitskollege en gegradueerde onderwysers gee die lesings. (1)

b. Universitêre onderwys in ander Provinsies.

Die Universiteit van Kaapstad laat Indiërs toe behalwe vir die B.A. in die skone kunste. Hulle woon nie in die koshuise in nie.

Die Suid-Afrikaanse Naturelle-kollege, Fort Hare, lei nie-blankes op as eksterne studente van die Universiteit van Suid-Afrika. Die nie-Bantoe studente mag egter nie 15% van die totaal oorskrei nie.

Die Witwatersrandse Universiteit laat Indiërs toe behalwe in koshuise. Dit is veral mediese studente wat daarheen gaan. (2)

Die studente maak egter beswaar daarteen dat hulle £5 moet deponeer en £1 vir 'n permit moet betaal as hulle na Fort Hare wil gaan, terwyl 'n permit na Indië net 3/6 kos. (3)

5. ONDERWYS AAN VOLWASSENES EN ANDER OPVOEDKUNDIGE AKTIWITEITE.

a. Geleenthede vir onderwys aan volwassenes.

'n Groot deel van die Indiërbevolking is ongeletterd. As hierby in aanmerking geneem word dat so baie leerlinge

(1) Kuppusami: Indian Education in Natal, 1860-1946; 43-45.

(2) t.a.p.; 48.

(3) The Natal Advertiser. 7.2.33.

te vroeg die skool verlaat, dan besef ons dat volwasse onderwys in 'n dringende behoefte voorsien.

In 1929 is 'n aandklas vir werkers in Durban begin. Hierdie klas is in 1931 deur die Tegnieese Onderwyskomitee vir Indiërs oorgeneem. Daar bestaan 'n soortgelyke klas in Pietermaritzburg.⁽¹⁾

b. Pogings om liggaamlike opvoeding te verskaf.

Liggaamsoefeninge is 'n verpligte vak in Indiërskole. 'n Aantal vrywillige liggame lewer egter beperkte geleenthede vir liggaamsoefeninge vir volwassenes. "Physical Culture Clubs" bestaan reeds in Durban. Die Durbanse "Indian Surf Life Saving Club" is in 1934 in die lewe geroep. Die Natalse kampioenskappe word jaarliks in Pietermaritzburg en Durban gehou.

Die meeste klubs het egter nie voldoende uitrusting nie en daar is geen gimnasium of swembad vir Indiërs in Natal nie.⁽²⁾

c. Ontspanningsgeleenthede.

Die vernaamste sport is sokker. Die Natalse Indiër-voetbalvereniging reël belangrike wedstryde. Naturelle en Kleurlinge het al teen Indiërs gespeel en in 1934 het 'n voetbalspan wat die hele Indië verteenwoordig het, Suid-Afrika besoek. Daar bestaan orals sport-klubs en verskillende verenigings, b.v. die "Natal Indian Cricket Association" en die "Natal Indian Lawn Tennis Association". In sommige van die groter dorpe speel vroulike Indiërs ook tennis.⁽³⁾

(d) Die bevordering van Musiek.

Dramatiese verenigings en Musiek-klubs het reeds onder die kontrakarbeiders by die suikerplantasies begin. In 1935 is die "Indian Culture and Study Group" gevorm en in 1937 die "Indian Society for the Advancement of Music and Art". Daar is jaarliks kompetisies gehou by 'n aantal sentra. Indiër - en blanke beoordelaars

(1) Kuppusami: Indian Education in Natal, 1860-1946; 52-54.

(2) t.a.p.; 55-56.

(3) t.a.p.; 56.

het gratis hulle dienste aangebied en trofee is geskenk.
 Hierdie kompetisies is weens die verdonkerings in 1940
 (1)
 gestaak.

e. Organisasies van Indiër-vrouens.

In 1933 is die "Indian Women's Association" gestig.
 Hier het die vrouens geleer om speelgoed te maak. Sommiges
 het by die "Sari Sewing Club" aangesluit. 'n Naaldwerk-
 klas is ook in Durban in die lewe geroep. Die vrouens
 het reeds hulle eie lees- en opvoedkundige sirkel en
 in 1933 is die Indiër-Rooikruisvereniging gestig.

f. Die bydraes van die Nuusblad en die biblioteek.

Indiërs lees baie Engelse blaaië b.v. "The Natal
 Witness," "The Natal Mercury" en "Daily News." Daar bestaan
 ook vier Indiër-weekblaaië nl. "The Indian Opinion", "The
 Indian Views," "The Leader" en "The Searchlight."

In Natal is geen stedelike biblioteek vir Indiërs
 beskikbaar nie. Die volgende is die bestaande fasiliteite:

- (i) Die Natalse nie-blanke biblioteek-diens. Dit het in
 1931 begin met £500 van die Carnegie Trust. Dit word
 ge-administreer deur die publieke biblioteek van
 Durban. Dit bedien 40 sontra met 1500 boeke.
- (ii) Die nie-blanke deel van die Natalse Universiteits-
 kollege lewer 'n biblioteekdiens.
- (iii) Die M.K.Gandhi biblioteek wat reeds jare bestaan,
 is in die lewe geroep deur die "Bai Jerbai Rustomjee
 Trust." Dit is oop vir alle rasse. Dit beskik oor
 'n groot verskeidenheid boeke in Engels, Gujerati,
 Hindi, Tamil, Urdu en Telegu. Die boeke word egter
 (2)
 nie uitgeleen nie.

(1) Kuppusami: Indian Education in Natal, 1860-1946;

(2) t.a.p.; 60-62.

6. DIE TOESTAND VAN INDIËR-ONDERWYS IN NATAL 1940:
KENMERKE EN BEHOEFTE.

- a. Die verslag van die onderwyskommissie van 1937 gee die oorsake van die ondoeltreffende toestand,

Hierdie kommissie het die toestand ondersoek en die volgende gevind: Waar daar in 1927 tien Indiërkinders vir elke 26 blanke kinders op skool was was die verhouding in 1937: Tien teen dertien. Daar was 40,000 Indiërkinders van skoolgaande ouderdom en hiervan was net 21,356 op skool. Die ernstigste probleem was nie die baie wat nie die skool besoek het nie, maar die groot aantal wat uit die skool verdwyn het voordat hulle enige voordeel daaruit kon trek. (1)

As oorsake van hierdie ondoeltreffende toestand word dan die volgende genoem:-

- (a) Die vinnige groei van die stelsel: Hierdie vinnige groei het vanaf 1928 plaasgevind. Duisen-
 -de Indiërkinders is na skool gestuur maar die ouers was onbekwaam of onwillig om hulle lank genoeg daar te hou.
- (b) Die geskiedkundige rede: Daar is 'n gebrek aan 'n doeltreffende onderwys-tradisie onder die Indiërs.
- (c) Die Taal-rede: Die voertaal is Engels, selfs vir die jongstes, en van die voertaal het die meeste kinders 'n baie karige kennis as hulle vir die eerste keer skool toe kom.
- (d) Die Sosiale rede: Indiër-ouers is as 'n reel onwillig om hulle dogters skool toe te stuur, omdat hulle as 'n groep nog nie die onderwys van vrouens waardeur nie. Hulle weier veral om hulle dogters na gemengde skole te stuur waar Indiërmans onderwys gee. Maar selfs waar die onderwysers almal vrouens is, is dit baie keer moeilik om die meisieskool vol te maak. Jong dogters moet so gou as moontlik in die huis of elders werk.
- (e) Die ekonomiese rede: Die gemiddelde Indiër-werker verdien omtrent £3 per maand en het 'n groot familie van skoolgaande ouderdom. Hy kan nie bekostig om almal gelyk skool toe te stuur nie en om te betaal vir boeke en onderwys nie.

(1) Kuppusami: Indian Education in Natal, 1860-1946;

Die kommissie het die volgende aanbeveel:-

- (a) Aparte meisieskole in digbevolkte areas.
- (b) 'n Gewysigde stelsel van vry en verpligte onderwys.
- (c) Verbetering van salarisse en diensvoorwaardes.
- (d) 'n Sub-departement om Indiër-onderwys te kontroleer en te administreer. (1)

Die volgende liggame het o.a. van Indiërkant getuie
aangelê voor hierdie kommissie:-

- (2)
- (i) Die Natalse Indiërkongres.
- (ii) Die Natalse Indiëronderwysersvereniging.
- (iii) Die "Colonial Born and Settlers Indian Association"
- (3)

b. Verbeterde sentrale kontrole en lokale administrasie.

Indiëronderwys word deur drie liggame beheer nl.
Indiër-godsdienstige liggame, blanke sendelinge en die
staat. Elkeen van bogenoemdes het 'n tradisie wat hy oor-
plant. In die geval van die eerste twee is dit godsdien-
s en in die geval van die laaste is dit die Westerse be-
skawing. (4)

Die staat administreer die onderwys deur middel van
regulasies, amenderings ens. Definitiewe onderwyswette
sou baie meer voordelig wees. Die provinsiale ouditeur
het in 1924 reeds daarop gewys dat daar in die praktyk
dinge gedoen word wat nie wettiglik geoorloof is nie. (5)

Die onderwyskommissie van 1937 het aanbeveel dat die
Provinsiale Administrasie 'n konsoliderende onderwys-
ordinansie moes opstel om die plek te neem van die massa
los wette, regulasies en ordinansies. (6)

Die ondersteunde skole is beheer deur sendelinge en
bestuurders. In heelwat gevalle was die toelae-ontvangers
en bestuurders Indiërs.

Toen die einde van hierdie periode was onderwysers
nie meer so erg 'n prooi van toelae-ontvangers en bes-
tuurders nie. Die bestuurder kon onderwysers ontslaan
maar moes die saak volledig repporteer by die onderwys-

(1) Kuppusami: Indian Education in Natal, 1860-1946; 22.

(2) Indian Views. 28.8.'36.

(3) Indian Opinion. 7.8.36.

(4) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education
in Natal, 1860-1937; 280-282.

(5) t.a.p., 268-269.

(6) t.a.p.: 270.

departement en onderwysers kon ook appéleer na die departement. Die bestuurders het die onderwysers aanbeveel maar die departement moes dit goedkeur. (1)

Bestuurders moes ook bankrekenings open waarin alle inkomstes gestort is en hulle moes jaarliks state voorlê. Ook was die bestuurder gebind deur die salarisskale van die departement en hy het nie sy toelae ontvang voordat hy nie sy onderwysers betaal het nie.

Daar was egter 'n behoefte aan skoolkomitees wat mede-verantwoordelik kon wees vir die administrasie. (2)

Die groeiende lokale belangstelling word veral bewys deur die groot aantal privaat/skole en verenigings onder die Indiërs.

In 1918 is die "District Indian Educational Advisory Committee" gestig. Twee van hierdie komitee se oogmerke was:-

- (a) Om vir die Indiërs in Natal 'n onderwys te verkry wat nie agter sou staan by die wat voorsien word vir ander dele van die gemeenskap nie, en om weë te vind vir die verwesenliking van hierdie doel.
- (b) Om as 'n tussen-persoon op te tree tussen die regering en die Indiërgemeenskap in alle sake wat in verband staan met die opvoeding van Indiër-kinders. (3)

c. 'n Neiging weg van Sendinginvloed. (4)

Vir hierdie neiging is daar natuurlik redes wat voorspruit uit die ras-eie van die Indiër, soos byvoorbeeld sy gehegtheid aan sy godsdienste. Maar daarin moet ook gesien word 'n normale ontwikkeling. Die sendeling neem gewoonlik die voortou op die gebied van die onderwys. Die onderwys is vir hom egter nie 'n doel in sigself nie, maar 'n middel tot 'n doel. Later sit die owerheid 'n handjie by deur middel van toelaes, en rig dan self ook 'n aantal skole op, wat, soos die geval met Indiëronderwys in Natal is, beter fasiliteite bied as die onder-

(1) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 274.

(2) Kichly: Memorandum on Indian Education in Natal; 5-11.

(3) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal; 1860-1937; 270.

(4) t.a.m.: 196.

steunde skole^{en} ook meer kos. Dit is dus heel natuurlik dat die bevolking uiteindelik daarop sal aandring dat alle skole staatskole moet wees. Naturelle-onderwys in Transvaal is besig om dieselfde ontwikkeling deur te maak.

d. Behoefte aan mediese inspeksie en uitbreiding van skoolvoeding.

Ordinansie No.4 van 1918 het die mediese inspeksie van leerlinge, skole en gronde verpligtend gemaak. Hierdie ordinansie is egter nie op Indiërskole toegepas nie.

As leerlinge 'n brief van die hoof toon, ontvang hulle mediese behandeling by klinieke wat deur die provinsiale hospitale opgerig is. In 1931 het verski^l-
-lende liggame onsuksesvolle pogings aangewend om mediese inspeksie vir Indiërskole te verkry. (1)

In 1934 het Eerw.W.M.Satchell daarop gewys dat 'n groot deel van die jong Indiërs ondervoed is. (2)
(3) Die Indiërs is bewus hiervan. Voor 'n departementele komitee wat in 1935 ondersoek ingestel het na verwaarloosde en agterlike kinders, het die Indiëronderwysersvereniging die volgende oorsake genoem:

- (i) Geen verpligte onderwys.
- (ii) Geen vry voeding.
- (iii) Geen vry mediese behandeling. (4)

Die probleem van armoede en ondervoeding is baie belangrik veral as die invloed wat dit op die jeug het in aanmerking geneem word. C.F.Albertyn het gevind dat "armoede en oorbevolking by blank en gekleurde 'n oorwegende groot rol speel in die veroorsaking van jeugmisdad!" (5)

Met 'n sopkombuis is in 1934 in Durban begin. Die departement gee jaarliks £500 hiervoor. Pietermaritzburg ontvang 10/- per dag vir dieselfde doel. Die staats-
ondersteunde melkskema is aan die begin van 1937 ingevoer. (6)

(1) The Indian Educator., December 1931.

(2) The Natal Mercury. 3.10.'34.

(3) Pather: Paper on Indian Education in Natal 1938; 10.

(4) Indian Opinion. 4.6.'35.

(5) Albertyn: Jeugmisdad: 'n Sosiologie^{se} studie: met spesiale ondersoek van die verskynsel in die Skiereiland; 77.

(6) Pather: Paper on Indian Education in Natal 1938; 10.

Die Instituut van Rasseeenhoudings is sedert 1937 besig met 'n uitgebreide ondersoek van die ekonomiese toestande onder die Indiërs in Natal. ⁽¹⁾

e. Pleidooie vir 'n Sub-departement vir Indiër-onderwys.

Tenspyte van herhaalde aanbevelings was 'n sub-departement in beheer van Indiër-onderwys aan die einde van hierdie periode nog nie in die lewe geroep nie. ⁽²⁾

'n Nuwe pos is egter in 1929 geskep nl. inspekteur in bevel van Indiër-onderwys. ⁽³⁾ Hierdie pos is weer in 1939 afgeskaf en elke inspekteur was weer verantwoordelik vir die Indiërskole in sy area.

Oor die vorm, samestelling en funksies van so'n sub-departement bestaan daar verskillende beskouings. Inspekteurs wat so'n sub-departement aanbeveel het, het blykbaar in gedagte gehad 'n sub-departement soortgelyk aan die wat vir Naturelle-onderwys verantwoordelik is, want daarom is in die jaarverslag vir 1929 oor hierdie onderwerp opgemerk: "The difficulty will be to find men as keenly interested in a peculiar problem as is the case in the Native Branch!" ⁽⁴⁾

H.D.Kannemeyer bepleit die volgende: 'n Direkteur spesiaal vir Indiër-onderwys aangestel en bygestaan deur

- (a) 'n Sub-departement bestaande uit 6 lede;
- (b) 'n Finansiële Trustraad bestaande uit 9 lede en
- (c) 'n Navorsingsraad bestaande uit sewe lede.

As die Uitvoerende Komitee dan wetgewing wil indien, dan bespreek hy dit eers met die direkteur en die 22 lede van die sub-departement, die Trustraad en die Navorsingsraad.

Verder administreer sy sub-departement middelbare onderwys, die Navorsingsraad laeronderwys en die Trustraad die finansies. Lede van die Navorsingsraad tree ook op as inspekteurs van laeronderwys. Alle korrespon-

-
- (1) South African Institute of Race Relations: Annual Report 1940; 16.
 - (2) Natal: Annual Reports on Education 1929; 13 and 1930; 13.
 - (3) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal 1860-1937; 271.
 - (4) Natal: Annual Report on Education 1929; 13.

densie word deur die sub-departement gedoen. Die Navorsingsraad ondersoek arbeidsvraagstukke en reel leeringensskappe.⁽¹⁾

Kannemeyer reken dat sy stelsel waarin die Indiërgemeenskap so ryklik verteenwoordig word, algemene tevredenheid sal gee en samewerking sal verseker.⁽²⁾

Oor die noodsaaklikheid van 'n sub-departement bestaan geen twyfel nie; maar die persone wat Kennemeyer op die verskillende rade wil hê, staan bloot aan kritiek. In sy sub-departement wat middelbare onderwys moet administree is net 2 persone wat professioneel bevoeg kan wees en dit is die Indiër-hoof en die inspekteur. Die Navorsingsraad bevat ook heelwat persone wat as 'n reel nie daarvoor bevoeg kan wees nie.

'n Navorsingsraad is dringend noodsaaklik maar moet ook verteenwoordigers hê uit die beroepe wat die leerlinge later gaan volg. Hierdie raad moet ook instaat wees om die aanleg van die leerlinge te bepaal en om beroepskeusevoorligting te gee.

f. Moontlikhede van Beroepsonderwys.

Die beskawing wat die Indiërkind moet aanleer, verskil van die waarin hy opgegroeï het. Hierdie beskawing moet/duur ^{hy} 'n vreemde voertaal aanleer. Die opvoeding het ook nie verband gehou met die belange van die Indiërs nie. Die Indiërkind word blank opgevoed, maar na sy opvoeding is hy nog maar as Indiër beskou en behandel.⁽³⁾

Vir die Indiërkind is 'n middeweg tussen 'n suiwer akademiese en 'n suiwer berceps-opleiding nodig. Dit beteken dat in die geval van die Indiërs baie vroeër as in die geval van die blankes, navorsing gedoen moet word in verband met moontlike beroepe.

(1) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 300-301.

(2) t.a.p.; 306-308.

(3) t.a.p.; 280-282.

Kontak met werkgewers is nodig en werktoestande, salarisse en geleenthede moet ondersoek word.

Omdat daar nog te min leerlinge na standerd VI is, is aparte inrigtings nog nie te regverdig nie. Daarom is in middelbare skole voorlopig aparte afdelings noodsaaklik vir die opleiding van onderwysers, akademiese werk, kommersiële werk, industriële werk en landbou. Kannemeyer beveel selfs aan dat die skole "job-training institutions" sal word.

Verder is dit noodsaaklik dat leerjongenskappe gereël sal word by Indiërboere, besighede en fabrikante. Hierdie leerlinge moet verplig word om by hulle gewone werk nog 'n paar uur per week onderwys te ontvang. ⁽¹⁾

7. SAMEVATTING:

Die verhoogde belangstelling in na-primêre onderwys het hom in die eerste plek ge-openbaar in die instelling van nuwe onderwyserseksamens waardeur die akademiese vereistes vir toelating ook gedeeltelik verhoog is. Sastri-kollege en die verskillende onderwysersklasse het dan ook die persentasie opgeleide onderwysers verhoog. Verder is die kwalifikasies van die onderwysers ook bevorder deur vakansiekursusse en die toekenning van beurse. Die salarisse van onderwysers is verhoog en verskillende poste is ingestel. Ook is beter behandeling verseker vir onderwysers in ondersteunde skole. Die "Natal Non-European Teachers' Provident Fund" het ook voorsiening gemaak vir die pensioen van onderwysers in staatskole.

Die onderwysers self het 'n verhoogde belangstelling getoon in hulle professie en hulself saamgesnoer in die "Natal Indian Teachers' Society". Later het die onderwysers in ondersteunde skole die "Natal Teachers' Union"

(1) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 293-296.

gestig.

Alhoewel gepoog is om deur die invoering van verskillende vakke en die oprigting van 'n paar tegniese inrigtings beroepsopleiding te verskaf, het hierdie aspek van die onderwys nog heelwat te wense oorgelaat.

Behalwe Sastri-kollege is 'n aantal ander skole ook toegelaat om middelbare klasse in te voer. Die persentasie leerlinge wat van middelbare onderwys gebruik gemaak het, het egter baie langsaam gestyg. Veral meisies het feitlik nog glad nie die voorregte van middelbare onderwys waardeur nie.

In die "Nie-blanke Universiteitsklasse" van die Natalse Universiteitskollege, aan Fort Hare en aan 'n aantal blanke universiteite kon Indiërs 'n universitêre opleiding ontvang.

Privaat inisiatief is aan die dag gelê wat betref die onderwys van volwassenes, liggaamlike opvoeding, ontspanning en die bevordering van musiek en kuns. Vrouens het hulle eie organisasies gehad en die nuusblad en die biblioteek het hulle bydraes gelewer by die opvoeding van die Indiërs.

Afgesien van al hierdie gunstige tekens was die toestand in 1940 egter nog glad nie bevredigend nie. Byna die helfte van die Indiërkinders van skoolgaande ouderdom was nog nie op skool nie, te min het nog gebruik gemaak van na-primêre onderwys en die aantal wat te vroeg uit die skool verdwyn het, was onrusbarend. Mediese inspeksie was nog 'n dringende behoefte en met skoolvoeding was nog net 'n begin gemaak. Die ideaal van 'n sub-departement vir Indiër-onderwys was ook nog nie verwesenlik nie.
